# RAADSBELEID

ONDERWERP : BRÛE OOR DIE BESPROEIINGSKANAAL

VERWYSING : 16.3.7.4

BESLUIT NR : 22.7/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om die bou van brûe oor die Upington Besproeiingskanaal te reguleer

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om die veiligheid van die kanaal in samewerking met die Upington Besproeiingsraad te formaliseer.

RIGLYNE

1. Dit word as beleid aanvaar dat die Upington Besproeiingsraad beheer oor die besproeiingskanaal uitoefen en dat lede van die publiek wat brûe oor die kanaal wil bou, eerste die nodige goedkeuring daarvoor van die Upington Besproeiingsraad moet verkry.

2. Planne moet egter ook aan die Munisipaliteit //Khara Hais voorgelê word vir inligting en kommentaar en daar word vereis dat sodanige planne deur ˈn gekwalifiseerde Ingenieur opgestel moet word.

3. Padbruggies oor die kanaal moet ten minste 3m wyd wees.

4. Voetbruggies oor die kanaal mag nie breër as 1,2m wees nie.

5. Geen pergolas word op beide voetganger- en padbruggies oor die kanaal toegelaat nie.

6. Die oprigting van relings op beide voet- en padbruggies oor die kanaal mag nie 900mm in hoogte oorskry nie.

7. Die *status quo*, ten opsigte van bestaande pergolas op voetbruggies oor die kanaal bly soos dit huidiglik is en is die beleid slegs van toepassing op toekomstige gevalle.

PROSEDURE

1. Die eienaar van die perseel moet die nodige goedkeuring vir die oprigting van ‘n brug oor die kanaal vanaf die Upington Besproeiingsraad verkry.

2. Die eienaar van die perseel moet toesien dat die nodige planne vir die voorgenome brug aan die Upington Besproeiingsraad vir goedkeuring voorgelê word.

3. Die Upington Besproeiingsraad lê afskrifte van die planne vir brûe wat hulle goedkeur, aan die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer van die Munisipaliteit van //Khara Hais voor, vir inligting en kommentaar.

4. Die seksie Boubeheer tree teen onwettige bouwerke op.

ROLLE
Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer

VERWANTE BELEID
Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.